# ARGEOLOGIESE OPNAME


Aan die einde van 1974 het die Museum se Argeoloog, Cobus Dreyer, 'n kort vraelys aan alle grondeienaars in die Vrystaat gestuur. Die meegaande kaart toon die argeologiese terreine wat deur middel van hierdie lyste onder ons aandag gekom het. Ons hartlike dank aan almal wat so goed gereageer het. Persone wat nog oor enige gegewens beskik, is steeds welkom om dit aan te meld.

Daar is só 'n groot aantal terreine dat dit vir die bestaande personeel onmoontlik sal wees om almal binne afsienbare tyd te besoek, maar al die gegewens wat ontvang is, word bewaar. 'n Hele aantal van die terreine wat wel besoek is, het besondere vondste opgelewer en lyk baie geskik vir verdere ondersoek.



*Bo: Voorbeeld van 'n koepelhut naby Lindley wat ongeskonde bewaar gebly het. Die hele hut, insluitende die dak, is van klip gebou. Die deuropening is klein, só klein dat 'n mens moet kruip om in of uit te gaan.*

# TERREINE IN DIE VRYSTAAT




**Gedruk en uitgegee deur die Nasionale Museum, Bloemfontein**